LUG JOU MENING

Die Portefeuljekomitee oor Arbeid nooi belangstellende individue en belanghebbendes uit om skriftelik kommentaar te lewer oor die drie stukke wetgewing, met die doelwit van elkeen hieronder opgesom:

WETSONTWERP OP NASIONALE MINIMUM LOON [B 31 - 2017]

Om voorsiening te maak vir 'n nasionale minimum loon; om die kommissie betreffende ’n nasionale minimum loon te stig; om voorsiening te maak vir die samestelling en funksies van die kommissie betreffende ’n nasionale minimum loon; om voorsiening te maak vir die hersiening en jaarlikse aanpassing van die nasionale minimum loon; om voorsiening te maak vir vrystelling van die betaling van die nasionale minimum loon; om voorsiening te maak vir oorgangsbepalings ten opsigte van plaaswerkers en huishoudelike werkers; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.

WYSIGINGSWETSONTWERP OP BASIESE DIENSVOORWAARDES [B 30 - 2017]

Om die Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 1997, te wysig om sekere definisies te vervang en in te voeg; om voorsiening te maak vir daaglikse loonbetalings van toepassing op sekere werknemers; om die bepalings wat handel oor sektorale bepalings en die diensvoorwaardekommissie te herroep; om die jurisdiksie van die Kommissie vir Versoening, Bemiddeling en Arbitrasie uit te brei; om die bepalings vir monitering en toepassing deur die arbeidsinspekteur uit te brei om die nakoming van die bepalings van die Wet op ’n Nasionale Minimum Loon, 2017, die Wet op Werkloosheidsversekering en die Wet op Werkloosheidsversekeringsbydraes uit te brei; om voorsiening te maak betreffende eise vir onderbetaling; om voorsiening te maak vir oorgangsreëlings om huidige sektorale bepalings te reguleer en kollektiewe bedinging te versterk ten opsigte van die sektore wat gereguleer word deur daardie sektorale bepalings; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.

WYSIGINGSWETSONTWERP OP ARBEIDSVERHOUDINGE [B 32 - 2017]

Om die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995, te wysig ten einde maatstawwe vir die Minister te verskaf voordat die Minister verplig word om die kollektiewe ooreenkoms uit te brei soos beoog in die Wet; om voorsiening te maak vir die hernuwing en uitbreiding van finansieringsooreenkomste; om voorsiening te maak vir stakings deur kollektiewe ooreenkoms of deur die beslissings deur die Kommissie vir Versoening, Bemiddeling en Arbitrasie ingevolge stakingsregulasies; om voorsiening te maak vir die klassifikasie van 'n bekragtigde of vasgestelde minimum diens; om die betekenis van die stemming uit te brei om enige stemming deur lede wat in die geheim gedoen en aangeteken is in te sluit; om voorsiening te maak vir die onafhanklikheid van die

registrateur en die adjunk-registrateur; om voorsiening te maak vir die aanstelling van 'n arbitrasiepaneel; om voorsiening te maak vir die raadgewende arbitrasiepaneel; om voorsiening te maak vir 'n raadgewende arbitrasietoekenning en vir aangeleenthede met betrekking tot arbitrasietoekenning; om voorsiening te maak vir oorgangsbepalings; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.

Navrae, sowel as skriftelike voorleggings kan gerig word aan **die Portefeuljekomitee oor Arbeid (vir aandag: mnr. Zolani Sakasa)** , die Parlement van die RSA, Posbus 15, Kaapstad, 8000 of per e-pos aan **zsakasa@parliament.gov.za.**

Benewens die skriftelike voorleggings, dui asseblief aan of u belangstel om 'n mondelinge voorlegging aan die komitee wil doen.

Die sluitingsdatum vir skriftelike voorleggings is Vrydag, 16 Maart 2018 om 16:30.

Afskrifte van die wetsontwerp kan verkry word by **mnr. Zolani Sakasa** by tel: **021 403 3735**, sel**: 083 709 8488** of by **www.parliament.gov.za**.

Uitgereik deur: me FS Loliwe, LP, Voorsitter van die Portefeuljekomitee oor Arbeid.